HOF: Wel, Moloi sê hier naby aan die einde van sy getuienis, hy onthou goed, sy ander naam is Malefetsani en hy sê hy het hom in Boipatong gesien. Hy het nou nie spesifiek gesien wat hy gedoen het nie... (tussenbei)

MNR BOTHA: Ja, nee, dit is so....

HOF: ...maar hy onthou hy het hom daar gesien.

MNR BOTHA: Ja, ja. Maar hy sê nie waar in Boipatong of in watter omstandighede nie. Maar dit is die totaliteit van die getuienis wat hy teen híérdie beskuldigde lewer, spesifiek oor hierdie aspek van die beskuldigde se naam, is Moloi se getuienis, is dat hy, of sy getuienis is aanvanklik dag hy nie beskuldigde 42 se regte naam ken nie, hy dig hom 'n ander naam toe. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy beskuldigde 42 valslik impliseer en hy onder druk is om dit te doen en dat hy daarom voorgee dat hy nie sy regte naam ken nie, direk daarna onthou hy skielik die beskuldigde se naam. Met respek is dit insiggewend van sy getuienis. Ek voer respekvol aan dat die getuienis wat ten opsigte van beskuldigde 42 gelewer is, hoegenaamd nie sou vereis dat hy op sy verdediging gaan nie en dat daar nie 'n redelike moontlikheid is, of dat daardie getuienis nie redelikerwys tot 'n skuldigbevinding sou kon lei nie.

Die getuienis teen beskuldigde 47 is as volg: Hy het saam met 'n groot groep in Boipatong ingegaan, so aan die kant van die groep geloop, 'n spies gehad. Later, toe hulle terug was by die hostel, het hy gesien dat daar bloed op die klere van beskuldigde 47 was. Dan, onder kruisverhoor, voeg hy nog 'n stertjie in hierdie verband by deurdat hy sê die volgende oggend om agtuur het hy gesien, nadat daar gesê is da die polisie kom, dat beskuldigde 47 hardloop 'n stort en hy sê dan

toe/...

toe aan hom dat hy die klere met die bloedspatsels gaan was. Met respek is hierdie weerspreking tussen sy getuienis-in-hoof en wat hy dan weer byvoeg in kruisverhoor, 'n aanduiding van die tipe getuie wat Moloi is en dat, is dit my submissie dat hierdie net nog 'n stertjie is wat hy bylas by sy verhaal om nou beskuldigde 47 te impliseer.

Daar is geen stawing - en weer eens sê ek stawing in die sin dat dit beskuldigde 47 direk impliseer vir hierdie verhaal of weergawe van Moloi nie. Niks. Daar word nie bebloede klere by hom gekry nie of enigiets van die aard nie.

Met respek, weer eens, voer ek aan dat op daardie getuienis 'n redelike hof nie beskuldigde 47 sou kon skuldig bevind nie en dat hy op hierdie stadium reeds sy ontslag moet kry.

Wat beskuldigde 51 aanbetref is die totaliteit van getuienis wat teen hom gelewer is, is dat hy 'n spies gehad het, dit is nie seker waar hy hom gesien het met 'n spies nie. Ek kon dit in ieder geval nie uit my notas, of van my geleerde vriende se notas uit vasstel of hy sê waar hy hom sou gesien het nie en verder voeg hy by, "ek kan nie sê wat hy gemaak het nie". My submissie is eweneens dat dit nie getuienis is waarop 'n redelike hof sou kon skuldig bevind nie.

Wanneer in ag geneem word dat hy 'n enkelgetuie is, hy is 'n medepligtige getuie, hy koes duidelik 'n wrok teen die inwoners van die hostel, hy is, op sy eie getuienis, 'n leuenaar, 'n dief en 'n dronkaard.

Insgelyks beskuldigde 52, plaas hy binne-in Boipatong, waar hy hom sien uitkom by 'n huis wat brand. Daar is geen verdere getuienis wat hy lewer teen hom nie.

Hy sê deurgaans dat hy geeneen se kleredrag kan beskryf nie - of laat ek dit eerder anders stel - hy sê op 'n vraag

dat hy nie op klere gevra moet word nie, want hy kan nie onthou watter kleure nie. Ek het hom dit spesifiek gevra ten opsigte van bloed op die broek van beskuldigde 47 wat hy sou gesien het, of hy kan onthou watter kleur die broek was en dit kon hy nie onthou nie. Hy kon nie onthou watter kleure beskuldigde 42 aangehad het nie.

Beskuldigde 52 sien hy, hy sê nie of hy gewapen was al dan nie. Daar is geen ander getuienis wat beskuldigde 52 se aandeel in Boipatong sou staaf nie.

Weer eens, met respek, voer ek aan dat dit nie die getuienis is waarop 'n redelike hof sou kon skuldig bevind nie.

U edele, my geleerde vriend vir die ander beskuldigdes het gister ook na sekere aanklagtes verwys waarop daar nie getuienis sou gelewer gewees het nie. Ek weet nie of daar intussen tussen hulle en die staat ooreengekom is op hierdie aspek nie. Ek versoek dieselfde ontslag op daardie aanklagtes.

HOF: U het niks by te voeg by die lys wat reeds aan my gegee is nie?

MNR BOTHA: Nee.

HOF: Dit is klag... (tussenbei)

MNR BOTHA: Ja. Dan is daar natuurlik die posisie van beskuldigde 44 en 45, waar daar hoegenaamd geen getuienis aangebied is deur die staat om hulle te verbind nie. Ek is nie, ek weet nie of my geleerde vriendin daardie aansoek gaan opponeer of nie.

HOF: Sy gaan moeilikheid hê om my te oortuig om hulle nie te ontslaan nie, laat ek dit u só sê.

MNR BOTHA: Soos die hof behaag.

HOF: Ja me De Jager?

ME DE JAGER: U edele, ek is bykans gereed om die hof toe te

spreek/...

spreek. Daar is egter aspekte in die argument van advokaat Botha namens beskuldigde 1 tot 52 waarmee ek in geskil wil tree en waaroor ek iets wil nagaan. Mag ek die hof vra om my tyd te vergun, voordat ek betoog - dit sal wel voor middagete afgesluit kan word.

HOF: Wat sal voor middagete afgesluit word, u navraag?

ME DE JAGER: My betoog.

HOF: U betoog?

ME DE JAGER: My betoog u edele.

HOF: Ja die hof sal verdaag tot na tee, halftwaalf.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT**

ME DE JAGER: Mag dit die hof behaag u edele. U edele dit is... (tussenbei)

HOF: Kan u my eerstens miskien net sê, op sekere klagtes is daar aansoek gedoen dat al die beskuldigdes ontslaan word, op daardie klagtes, wat sê u daarvan?

ME DE JAGER: Ja, ek beoog om daarmee te begin u edele. Dit is die staat se submissie dat ontslag toegestaan kan word met betrekking tot aanklagte 70, 77, 80, 108... (tussenbei)

HOF: Net so 'n oomblik. 70, 77, 80?

ME DE JAGER: 108, 113, 139 en 143. Dit is klagtes ten opsigte van waarvan die getuies onopspoorbaar is of nie in staat is om te getuig nie.

HOF: Goed, kom ons kyk dan na die ander. 49, 56, 62 en 63.

ME DE JAGER: Goed, u edele, die staat sal, wanneer ek die na die regsposisie verwys, daaraan raak, maar dit is geykte reg dat 'n leemte in die staatsaak wel in die verdedigingsaak aangevul kan word en dat die hof in so 'n geval sy diskresie kan uitoefen om ontslag nie toe te staan nie. In die geval... (tussenbei)

HOF: /...

HOF: Ja, behalwe in hierdie geval, is dit duidelik dat al die beskuldigdes ontken hulle was daar.

ME DE JAGER: Ja.

HOF: Dink u hulle gaan nou kom sê hulle was daar?

ME DE JAGER: Ja u edele, maar met betrekking tot die oorblywende klagtes is die klaers ten opsigte van die klagtes aan die verdediging beskikbaar gestel en op hierdie stadium is dit nie duidelik of die verdediging poog om hierdie persone te roep, al dan nie.

HOF: Maar sê u nou ek moet hulle ontslag weier omdat die verdediging die klaers kan roep, hoekom het die staat hulle nie geroep nie.

ME DE JAGER: U edele, die staat het bepaalde redes gehad waarom hulle nie geroep is nie, wat waarskynlik voor die hand liggend is. Die feit is, hierdie persone mag in die loop van die verdedigingsaak getuig, in welke geval getuienis voor die hof kan kom om die klagtes te bewys en dit is op híérdie basis dat die staat, wat hierdie nege aanklagte betref... (tussenbei)

HOF: Stem u saam dat op hierdie klagtes wat mnr Strydom gegee het, is daar geen getuienis op dié stadium nie?

ME DE JAGER: Ja, ek kan hulle, die klagtes soos ek dit het, noem u edele. Ek het nou ongelukkig nie advokaat Strydom se notas hier by my nie. In 49, 56, 62, 63, 99, 109, 119, 121 en 128.

HOF: Stem u saam, op daardie klagtes is daar geen getuienis nie, maar sê u die klaers daar is tot beskikking gestel en hulle mag kom getuig?

ME DE JAGER: Inderdaad u edele.

HOF: Laat ek net kyk, bly daar dan nog iets oor?

ME DE JAGER: Nee, soos ek dit het, dek dit al die klagtes,

maar/...

maar dit is ongelukkig, sê - ek mag miskien my geleerde vriend se, die notas van my geleerde vriend se betoog hier hê. U edele, dit is inderdaad almal.

HOF: Ja, 16 klagtes.

ME DE JAGER: Dit is die hele, die hele groep.

HOF: So u sê op die klagtes, eerstens wat u gemeld het, het u geen argument daarop dat al die beskuldigdes ontslaan word nie, maar... (tussenbei)

ME DE JAGER: U edele die staat gee toe dat dit ontslaan word.

HOF: ...u sê op die tweede groep behoort ek nie te ontslaan nie want die klaers kan nog getuig... (tussenbei)

ME DE JAGER: Soos die hof behaag. Inderdaad.

HOF: Ja. Wil u iets verder daaroor sê, u... (tussenbei)

ME DE JAGER: U edele, ek sal bloot, wanneer ek die regsposisie beoordeel, die hof kortliks verwys na gesag wat in my submissie so 'n standpunt sou kon regverdig.

Wat beskuldigde 44 en 45 aanbetref, alhoewel, soos ek die regsposisie netnou aan die hof sal voorhou, natuurlik 'n diskresie het, kan die staat nie met oortuiging betoog dat verwag kan word dat die persone in die verdedigingsaak geïnkrimineer kan word nie en ek sou dus, wat argument betref, volstaan met die opmerking dat die hof wel 'n diskresie het om selfs wanneer daar geen getuienis is nie, ontslag te weier.

U edele, wat die ander gevalle betref staan die staat die aansoek om ontslag heftig teë.

U edele, eerstens, wat die regsposisie betref, ek beoog nie om volledig na al die gesag te verwys nie, maar daar is in betoog standpunte aan die hof voorgehou waarmee die staat hom nie vereenselwig nie en in dié verband wil ek die hof wel na sekere gesag verwys.

Die/...

Die beginsels u edele, wat duidelik uitgekristalliseer is, is saamgevat in die saak van S v Shuping waarna, waarna my geleerde vriend, advokaat Strydom ook verwys het, 1983 2 SA 119B waar gemeld word die posisie:

> "...can be summed up as follows: At the close of the state charge, when discharge is considered, the first question is: (i) Is it evidence on which a reasonable man might convict; if not, (ii) is there a reasonable possibility that the defence evidence might supplement the state case? If the answer to either question is yes, there should be no discharge and the accused should be placed on his defence."

U edele, die beginsels is duidelik uitgekristalliseer en dit word ook vermeld in S v Mpetha en Ander, of S v Mpetha and Others 1983 4 SA 262 (K).

Ek is dit met my geleerde vriend, advokaat Strydom, eens dat geloofwaardigheid inderdaad op hierdie stadium 'n uiters beperkte rol behoort te speel en in die omstandighede van hierdie saak, inderwaarheid buite rekening gelaat behoort te word.

Die hof is deur my geleerde vriend advokaat Botha, verwys na 'n passasie in Mpetha se saak. U edele, hy het die hof verwys - as my nota korrek is, 'n passasie op bladsy 263H en A. U edele, die passasie, as my herinnering korrek is, waarna hy verwys het kom egter voor op pagina 264H-265A.

U edele, ek doen met respek aan die hand dat waarna daar verwys is, is 'n aanhaling uit die saak S v Naidoo 1966 1, 'n Prentice Hall-beslissing van Botha, R en dat die meer gesaghebbende mening te vinde is in S v Mpetha and others voorkom op

bladsy 265B-G. Hierdie gedeelte sal ek dan met verlof van die hof dan voorhou:

> "Under the present Criminal Procedure Act the sole concern is likewise the assessment of the evidence. In my view the cases of..."

...(tussenbei)

HOF: Ekskuus tog, dit is bladsy 26?

ME DE JAGER: 5 u edele. D-G.

HOF: Ja?

ME DE JAGER: (Lees verder):

> "In my view the cases of Nortje, Bouwer and Naidoo, correctly hold that credibility is a factor that can be considered at this stage. However, it must be remembered that it is only a very limited role that can be played by credibility at this stage of the proceedings. If a witness gives evidence, which is relevant to the charges being considered by the court, then that evidence can only be ignored if it is of such poor quality, that no reasonable person could possibly accept it. This would really only be in the most exceptional case, where the credibility of a witness is so utterly destroyed that no part of his material evidence can possibly be believed. Before credibility can play a role a all, it is a very high degree of untrustworthiness that has to be shown. It must not be overlooked that the triers of fact are entitled, while rejecting one portion of the sworn testimony of a witness, to accept

another/...

"another portion."

Dan word daar 'n verwysing gegee na Khumalo se saak.

"Any lesser test..."

word dan vervolg -

"that the very high one, which, in my judgment is demanded, would run counter to both the principle and requirements of Section 174."

Ek is dit dus eens met my geleerde vriend, advokaat Strydom, dat geloofwaardigheid 'n baie beperkte rol speel en dat op die toets soos dit in die regspraak voorkom, nie 'n enkele staatsgetuie die toets gedop het nie. Ek vind dit dus nie nodig u edele om in latere argument in diepte oor die meriete van die onderskeie getuienis uit te brei nie, behalwe om te sê dat die staat se standpunt is dat daar getuienis voor die hof is wat wel oorweeg moet word.

U edele, ek verwys die hof ook graag na 'n verdere passasie in die saak van S v Mpetha and Others waar die algemene beleid met betrekking tot dit wat oorweeg behoort te word by 'n aansoek om ontslag, uiteengesit word. Hier word met goedkeuring verwys na die bekende saak van R v Kritzinger and Others en die gedeelte word dan aangehaal:

"It seems to me..."

Verskoon tog u edele, dit is bladsy 268, inderdaad die gedeeltes A tot D. Hier word die diskresie wat by die hof berus, wanneer dit by die vraag na ontslag kom, beklemtoon. U edele, ek sal dan net 'n klein passasie van die aanhaling wat hier van belang is, aan die hof voorhou op hierdie stadium:

"It seems to me that the rule is clear, namely that, if at the close of the case of the Crown the evidence against the accused or against one

> or more of the accused, is not such that a reasonable man might convict upon it, the judge has a discretion whether or not to discharge."

Die handigste samevatting u edele, van die regsposisie rondom ontslag is te vinde in die S v Mdudu 1991 2 SASV 223, hoewel 'n Transkeise beslissing, maar die gesag word daar raak na verwys, 'n bietjie handige opsomming van die beginsels soos dit uitgekristalliseer het.

U edele, daar is een pertinente aspek van die betoog van my geleerde vriend, mnr Strydom, waarvan die staat moet verskil en dit sal ook die strekking van die verdere argument wat die staat beoog om te lewer drastiese beïnvloed.

Dit gaan oor die effek van 'n beoordeling van die afleidings wat uit getuienis wat voor die hof geplaas is gemaak kan word, op die stadium waar ontslag ter sprake is.

My geleerde vriend het 'n beroep gedoen op die beginsels wat voorkom in die bekende Blom-beslissing en het, om sy argument te ondersteun, die hof verwys na S v Bouwer, 'n 1964-beslissing.

U edele, soos ek dit kon nagaan is Bouwer, die 1964-beslissing, waarna die hof verwys is, inderdaad nie 'n Transvaalse beslissing nie, maar 'n Vrystaatse beslissing wat nie in die Transvaal gevolg is nie.

Ek verwys die hof dan met respek na 'n gesaghebbende saak in hierdie verband en dit is die bekende beslissing van S v Cooper and Others 1976 2 SA 875 (T), 'n beslissing van sy edele Boshoff R, op 890D-E. U edele op hierdie stadium sal ek net aanhaal uit 'n gedeelte wat in D op bladsy 890 voorkom:

> "The rules of logic referred to in Blom's case, are to be applied by the triers of fact in

respect /...

> respect of proved facts at the end of the trial in order to see whether the guilt has been proved beyond a reasonable doubt and there is generally speaking no scope for the application by the judge at the close the close of the case for the prosecution. At that stage the facts are not yet proved and he only has to determine whether a reasonable man might convict, not should convict. Indeed..."

En dit is die passasie wat ek graag wil beklemtoon u edele, dit kom voor op E van hierdie bladsy:

> "...if there is more than one inference possible from the facts assumed to be uncontradicted at the close of the case for the prosecution, then that is just the sort of evidence that should be referred to the triers of fact for decision."

Die standpunt in <u>Cooper</u> is ondersteun in die <u>Mpetha</u>-beslissing waarna die hof reeds verwys is, pertinent op bladsy 266A-E. Ook in die beslissing van <u>S v Ostilly and Others</u> 1977 2 SA 104 (D), dit is die Durbanse beslissing van Kumleben, R en pertinent op bladsy 107B-D.

U edele, in die beslissing wat aan die hof voorgehou is as 'n samevatting van die gesag in <u>Mdudu</u>, word dan inderdaad ook op 224 die volgende gesê:

> "It is tried law that the words 'no evidence' mean no evidence on which a reasonable man might, not should, convict the accused."

En dan word daar ook verwys na die appèlhof-beslissing van <u>S v Kanyapa</u> 1979 1 SA 824 (A) op 838F waarin praktiese terme

dit/...

dit blyk dat die toets so aangewend is.

U edele, die staat se submissie is dus dat die regsposisie is dat as die afleiding dat die beskuldigdes deel gehad het aan 'n gemeenskaplike opset om die persone in Boipatong te dood en om die ander klagtes waarin hulle ten laste gelê is te pleeg, as die afleiding 'n redelike afleiding is, moet ontslag geweier word.

U edele, aan die hand van die duidelike riglyne in die regspraak beoog die staat dan nie om 'n volledige argument op híérdie stadium te voer oor die aspekte van gemeenskaplike opset en dies meer waarna my geleerde vriende verwys het nie, tensy die hof die staat pertinent daarop sou wou hoor.

Ek gaan volstaan u edele deur te meld dat die hof gevra sal word om e bevind dat daar wel getuienis is van 'n gemeenskaplike opset tussen al die beskuldigdes en getuienis dat hulle hulle daarmee vereenselwig het. Ek gaan net kortliks op hierdie stadium - tensy die hof my vra om daarop uit te brei, verwys na enkele aspekte.

Die getuienis moet beoordeel word, in die staat se submissie, teen die geskiedenis wat voor die hof geskets is van 'n konflik. 'n Geskiedenis van moord en doodslag. Hier is nou 'n gewapende opmars deur persone, tot die tande toe gewapen, met 'n bepaalde mondering, bepaalde slagspreuke, deur 'n groep - u edele, in die staat se submissie moes elke persoon, in die sin dat hulle inderdaad het, voorsien het dat geweld sou losbars.

U edele, daar is verdere aspekte wat hierop dui. Die aard van die wapens, die ontsluiting en aanwending van wapens, die vergadering, die besluite wat daar geneem is, die besprinkeling van "Ntelezi", die aard van die bykans militêre operasie wat

blyk/...

blyk uit die wyse waarop die woonbuurt aangeval is... (tussenbei)

HOF: Dit is miskien meer 'n argument vir later aan die einde van die dag... (tussenbei)

ME DE JAGER: Soos die hof behaag.

HOF: ...wat my bietjie pla is, ek dink Oupa Moloi en Bojosi sê, ons was nie eintlik baie lus om te gaan nie, maar daar is vir ons gesê ons moet gaan... (tussenbei)

ME DE JAGER: U edele...

HOF: ...wat maak ek daarvan? Hoeveel van die beskuldigdes het nou maar saamgeloop sonder om nou werklikwaar aan hierdie vereiste van Ngobesi (Ngobeni?) se saak te voldoen dat hulle het 'n gemeenskaplike opset gehad?

ME DE JAGER: U edele, in beide Bojosi en Oupa se gevalle is dit ook duidelik dat hulle, hulle vereenselwig het. Op die geheel van hulle getuienis is dit baie duidelik dat die individue hulle vereenselwig het met die aanval... (tussenbei)

HOF: Wel, het hulle, hulle vereenselwig? Hierdie twee sê, ons gaan maar saam.

ME DE JAGER: U edele dit is... (tussenbei)

HOF: Ons gaan maar saam, omdat ons gesê word, "gaan saam". Ons kom daar, ons wil nie in die huise ingaan nie, ons word dan gesê, nou-ja, "breek julle dan die vensters". Nou, hoe kan ek, wat moord aanbetref, gemeenskaplike opset bevind?

ME DE JAGER: U edele, die staat sal die hof ook verwys na die getuienis van Moloi pertinent en dit is getuienis wat hy gelewer het - u edele ek praat onder korreksie, as ek net my nota kan nagaan, maar ek dink dit is op 16 Augustus vanjaar - waar hy gevra word nou maar wat het julle daar gaan maak. Dan sê hy:

"Wel/..

> "Wel, ek het alleen daar gedink, hier is ons met wapens, lappies om die hoofde, met 'Ntelezi' besprinkel, dit beteken net een ding, o, ons gaan doodmaak, ons gaan doodmaak."

Die hof kan nie op hierdie stadium spekuleer, daar is nie in enige basis namens die beskuldigdes, enige van die beskuldigdes 'n suggestie geplaas, dat daar onder dwang opgetree is nie. Inteendeel, daar is... (tussenbei)

<u>HOF</u>: Nee, dit is hoekom ek u aanvanklik gesê het, dit is miskien 'n argument vir lateraan.

<u>ME DE JAGER</u>: Korrek.

<u>HOF</u>: Maar op die stadium kan dit my dalk pla as hierdie man sê, jy weet, ek is half gesê ek moet gaan, of ek wil of nie. Ek weet nie, dit is een van hulle twee, of al twee van hulle.

<u>ME DE JAGER</u>: U edele, my herinnering is nie, ek sou dit graag wou pertinent nagaan om die hof behoorlik daarop te kan toespreek, is nie dat hulle albei gesê het, wel ons wou nie gaan nie; dat hulle wel hulle nie - dat hulle hul met die aanval volledig geïdentifiseer het, wel wetende dat persone gaan gedood word. Dit is duidelik die getuienis. Die feit dat hulle nie noodwendig self 'n persoon wou doodslaan nie, of self 'n moord wou pleeg nie, beteken nie dat hulle hul nie volledig versoen het met die gedagte dat hierdie groep gaan doodmaak nie en dit is, in my submissie, die getuienis, dat inderdaad die onderskeid daar is, tussen persone wat - op Bojosi se getuienis pertinent - persone wat nie spesifiek huise wou ingaan en self persone wou doodmaak nie, maar in my submissie, op almal se getuienis was dit duidelik dat toe die groep daar vertrek, dat daar mense doodgemaak sou word en was daar nie getuienis dat een van hierdie persone hulle probeer distansieer het nie, maar

wel/...

wel dat hulle nie noodwendig self... (tussenbei)

HOF: Wel is dit so, die blote feit dat hulle gewapen is, is dit nie net so 'n goeie afleiding dat hulle vat net vuurwapens saam ingeval hulle aangeval word nie... (tussenbei)

ME DE JAGER: U edele, ek dink dat... (tussenbei)

HOF: Is daar op daardie stadium, kan ek 'n soort van ooreenkoms aflei om op daardie stadium te gaan dood?

ME DE JAGER: U edele ek wil aan die hand doen, ja. Op die getuienis wat voor die hof is - soos die passasie wat ek aan die hof voorgehou het van Moloi se getuienis - en gesien teen die geskiedenis wat voor die hof geskets is, as 'n gewapende aanvalsmag uit KwaMadala Hostel opruk na Boipatong, teen die geskiedenis wat voor die hof geplaas is, dan beteken dit daar gaan doodslag wees. Daar gaan geweld wees.

So vanuit daardie oogpunt - ek het my nie op híérdie aspek volledig voorberei nie, ek sou graag, as die hof my verder daaroor wou... (tussenbei)

HOF: Ja, ek dink dit is dalk meer 'n argument aan die einde van die dag.

ME DE JAGER: Ek is van mening u edele dat dit 'n argument is wat op 'n later stadium gevoer behoort te word.

HOF: Ja.

ME DE JAGER: Die verdere aspekte u edele wat in die breë - en die staat op hierdie stadium meld as synde aanduidend van die gemeenskaplike opset, is dat dit duidelik is ook, uit die getuienis oor die gebeure by die stadion en... (onhoorbaar - harde gehoes in De Jager se mikrofoon) dat daar wapens spesifiek aan persone en uitgesoekte individue in my submissie oorhandig is of beskikbaar gestel is. Dit is nie die gewone gepeupel, as ek dit so kan stel, aan wie vuurwapens gegee is

nie/...

nie; dat daar inderdaad 'n afleiding te make uit is, uit die feit dat AK 47's aan bepaalde persone oorhandig was.

U edele, ek kan die hof ook verwys, die getuie Mnqithi het, toe hy gevra is oor wat julle gaan doen, 'n antwoord gegee wat inderdaad dit saamvat. Die getuie se verbatim antwoord was, "it's obvious". Ons gaan nou daar - dit wat ons gaan doen daar in Boipatong.

U edele, ek wil vervolgens graag verwys na enkele aspekte wat die besondere beskuldigdes betref wat genoem is deur my geleerde vriende. Ek beoog nie om al die getuienis wat teen hulle is op te som nie, tensy die hof verlang dat ek dit doen, maar daar is aspekte van die getuienis wat genoem is in argument waarmee die staat dit nié eens is nie.

Eerstens wat beskuldigde 11 aanbetref u edele, verwys ek die hof na Moloi se getuienis op 12 Augustus... (tussenbei)

HOF: Kom ons kyk net só... (tussenbei)

ME DE JAGER: Soos die hof behaag.

HOF: ...hier is nou, een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe... (stem vervaag) - wat mnr Botha aanbetref, ek dink agt of nege gevalle waar daar slegs die getuienis van Moloi is.

ME DE JAGER: Ja.

HOF: Hy is 'n medepligtige... (tussenbei)

ME DE JAGER: Korrek.

HOF: ...wat uitkenning van daardie beskuldigdes aanbetref is hy 'n enkelgetuie. Kan daar ooit, op sy getuienis, wat nie gestaaf word nie, 'n skuldigbevinding kom?

ME DE JAGER: Ja u edele. Ek doen aan die hand... (tussenbei)

HOF: Op watter basis? O watter basis gaan ek, waar hy nie, wat uitkenning aanbetref, wesenlik gestaaf word nie, op watter basis kan ek sy getuienis aanvaar?

ME DE JAGER: U edele, die staat sal ook aan die hand doen da daar inderdaad vir hom stawing is. Die getuienis... (tussenbei)

HOF: Nee, stawing op ander aspekte, maar wat van stawing op die identifikasie van hierdie besondere beskuldigdes?

ME DE JAGER: U edele, dit is waarheen ek mik. Ek wil die hof verwys na die getuienis van Theresa Mofokeng en die implikasies van haar getuienis. Op die implikasies van haar getuienis, is elke persoon, manspersoon wat daardie aand in die hostel was, inderdaad geïmpliseer... (tussenbei)

HOF: Op watter basis sê u dit?

ME DE JAGER: Hierdie mense, u edele, ál die mense gaan na die stadion toe... (tussenbei - onhoorbaar dus)... van... (tussenbei)

HOF: Maar sy weet nie of hierdie mense stadion toe is nie, of hulle in die stadion was nie, of hulle saam uit is nie.

ME DE JAGER: U edele, maar sy weet dat die inwoners wat die aand in KwaMadala Hostel was, almal moes gaan en wat die bepaalde beskuldigdes aanbetref is dit gemeensaak dat hulle wel in die hostel was die aand. Die beskuldigdes, as die hof my net 'n geleentheid sal gee om effens verder uit te brei - die hof het hierdie getuienis van Bojosi, van Moloi, van Mnqithi, dat daar so 'n vergadering plaasgevind het. Die hof het die getuienis van Theresa Mofokeng, wat pertinent getuig dat die mans almal na 'n vergadering toe is. Ekskuus tog, dit is ook die getuienis van Mnqithi en Oupa Moloi dat ál die mans saam is Boipatong toe... (tussenbei)

HOF: Wie, wie se getuienis?

ME DE JAGER: Die getuienis van Moloi... (tussenbei)

HOF: Ja?

ME DE JAGER: /...

ME DE JAGER: En Mnqithi.

HOF: Ja maar dit is nie so nie, ek het getuienis daar is wat, 800 inwoners in die hostel en die oorweldigende getuienis was, daar was maar, daar was wat, 300-400 van hulle wat oorgegaan het.

ME DE JAGER: U edele, die, die... (tussenbei)

HOF: En selfs, ek dink Moloi sê, toe ons terugkom, toe is hier nou gesê, nou gaan ons hierdie mannetjies uithaal wat nie saamgegaan het nie.

ME DE JAGER: Dit is Bojosi u edele, met respek, wat dit getuig het.

HOF: Ja.

ME DE JAGER: U edele, maar... (tussenbei)

HOF: So ons weet daar is sommige wat nie saamgegaan het nie.

ME DE JAGER: Edele, eerstens wat die getal, die totale getal in die hostel aanbetref, is dit, berus al hierdie getalle op skattings. Ek sal dit nagaan, pertinent, maar my herinnering was dat daar was getuienis dat daar was inligting daar was 800 mense, maar dit het nie vasgestaan voor hierdie hof dat daar 800 mense in die hostel was nie. Ek sal dit moet nagaan, maar my herinnering is in daardie rigting... (laaste woord nie duidelik nie). Maar u edele, hier is nou getuienis dat al die mans gaan na 'n vergadering toe. In die, ugh, dit was getuienis, is daar wat daar by die vergadering gebeur het. Daar is getuienis dat daarna is daar niemand in die stadion nie, daar is in die hele binneplein van die hostel geen manspersone te sien nie en waar die getuie ten minste na beweeg is daar ook nie manspersone te sien nie. Op 'n later stadium kom die manspersone terug.

U edele, dit is 'n belangrike brokke getuienis en dit is

'n/...

'n belangrike brokke getuienis want dit bied reële stawing en dan, op hierdie stadium - ek wil dit dus ook, wat my betref, 'n argument wat inderdaad op 'n later stadium moontlik tuishoort - kan daar inderdaad, op die beginsels in Nkanana, kan daar inderdaad verdere stawing kom vir die getuienis van Moloi. Op hierdie stadium blyk daar 'n kollektiewe verweer te wees dat die, waarvan die implikasie noodwendigerwys is, dat daar nie 'n vergadering die aand by die hostel was nie.

Daar is, soos ek sê, dit is 'n argument waarskynlik vir die einde van die dag, maar daar is pertinente beskuldigdes wat geïmpliseer word en wie se verweer duidelik is daar was nie 'n vergadering nie.

HOF: Wel, ek weet nie of hulle sê daar was nie 'n vergadering nie, hulle sê hulle was nie by 'n vergadering gewees nie.

ME DE JAGER: U edele, neem byvoorbeeld vir beskuldigde 73. Daar is pertinent gestel aan die getuie Bojosi dat beskuldigde 73, namens hom gestel daar sal nie 'n vergadering wees sonder dat hy dit weer nie en ek wil aan die hand doen - dit is in 'n mate prematuur - maar dat dit inderdaad 'n belangrike faktor sou wees indien die hof byvoorbeeld sou kon bevind, aan die einde van die dag, dat daar beslis 'n vergadering by die hostel plaasgevind het.

U edele, met ander woorde, die staat doen aan die hand dat daar aan die einde van die dag vertrouenswaarborge vir Moloi se getuienis sal wees en selfs met betrekking tot persone waar hy die, 'n enkelgetuie is, wat die persone identifiseer en soos ek sê, dit is 'n premature argument wat op die beginsels, soos deur die staat aan die hof voorgehou het, behoort die aspek nie op hierdie stadium in diepte ondersoek te word nie, want daar is direkte getuienis wat die beskuldigdes impliseer en op die

beginsels/...

beginsels in Cooper en dies meer soos ek aan die hof voorgehou het, behoort ontslag nie te volg nie.

HOF: Wel ek dink u was laas by beskuldigde 11. As ons nou net beskuldigde 11 vat, hy, hier sê Moloi, hy het daardie dekodeerder en TV en ek weet nie wat alles nie, het hy saam met beskuldigde 14 daar uitgedra... (tussenbei)

ME DE JAGER: Ja.

HOF: Nou is hierdie tweede laaste getuie van u se getuienis, daar is nie sulke goed uit my huis uit weg nie. Nou oënskynlik maak hy 'n fout, op die beste vir u, maak hy 'n bona fide fout.

ME DE JAGER: Ja.

HOF: Nou is dit getuienis waarop ek kan skuldig bevind wat beskuldigde 11 aanbetref?

ME DE JAGER: U edele, ek wil pertinent die hof verwys na die getuienis wat beskuldigde 11 betref, gelewer deur Moloi op 12 Augustus en hy is herhaaldelik gevra en sy getuienis daar is hy kan nie sê dat die videomasjien uit huis 773 afkomstig was nie. Dit is herhaaldelik is daar met hom in geskil getree en hy het volhard daaraan. Daar is vir hom 'n foto gewys van huis 773 en sy getuienis was, hy het beskuldigde 1 in die straat gesien met 'n video in sy hande en op 'n versigtige nalees van sy getuienis is dit duidelik dat hoogstens hy 'n afleiding gemaak het. Maar sy getuienis in hierdie hof is pertinent, ek kan nie sê daardie videomasjien kom uit huis 773 nie. Dit is tydens kruisondervraging deur my geleerde vriend advokaat Botha - en daar is herhaalde vrae in die verband gevra op 12 Augustus. So wat beskuldigde 11 betref u edele sal die argument, met respek, beskuldigde 11 nie kan help nie.

HOF: Ja.

BESPREKING WEG VAN MIKROFOON

HOF: Wat van die kritiek oor BEWYSSTUK 12? Dit is nou die televisie (video?) voor die hof?

ME DE JAGER: U edele... (tussenbei)

HOF: Waar daar geen getuienis is van die polisie oor waar of wat dit gevind is nie.

ME DE JAGER: U edele, my herinnering van die getuienis voor die hof is dit, was die video voor die hof en is dit inderdaad nooit in geskil geplaas dat die video uit die hostel uit afkomstig is nie, of gesuggereer dat hierdie video 'n ander herkoms het as uit KwaMadala Hostel uit nie.

U edele, as ek dan kan oorbeweeg na beskuldigdes 41, 42 en 51, gaan die getuienis - en is dit duidelik in die staat se submissie - uit die getuienis dat die persone in Boipatong was met assegaaie, nie net dat hulle met assegaaie gesien is nie, maar die getuienis is inderdaad dat die drie persone in Boipatong was in besit van assegaaie.

Eweneens is daar ander kritiek teen Moloi geopper wat in die staat se submissie nie geregverdig is nie. Die stelling byvoorbeeld dat beskuldigde 42 se naam op 'n laat stadium eers onthou is. My herinnering van die getuienis u edele dit was op 'n stadium lank nadat Moloi reeds in kruisverhoor was, waar hy op 'n oomblik in die getuiebank nie op die naam kon kom nie en hy het hom onmiddellik daarna gekorrigeer en gesê die naam het hom tydelik ontgaan, maar hy het by herhaling beskuldigde 42, aan die hand van sy byname geïdentifiseer.

Die staat is dit ook nie eens met my geleerde vriend, advokaat Botha, met betrekking tot 47 dat daar 'n bespreking in Moloi se getuienis te vinde is nie. Dit is deurgaans die getuienis dat beskuldigde 47 in Boipatong was en dat hy met terugkoms met bloed op sy assegaai en op sy klere gesien is.

Die/...

Die gebeure van die 18de is geopper wel na indringende kruisondervraging, maar dit dui op geen weersprekings, in die staat se submissie nie.

U edele, wat beskuldigde 52 aanbetref, verstaan die staat, met respek, nie my geleerde vriend se argument nie. Die getuienis is dat beskuldigde 52 uit 'n huis gekom het en op die geheel van die getuienis kan daar in die staat se submissie geen ander afleiding wees as dag hy uit 734 Hlubistraat gekom het nie. In daardie huis is daar twee mense gedood, daar was diepgaande skade daar aangerig en... (tussenbei)

HOF: Is dit die huis waar die gordyne afgebrand het?

ME DE JAGER: Dit is korrek u edele.

HOF: Ja?

ME DE JAGER: U edele, wat beskuldigde 53 aanbetref, het my geleerde vriend veel gewag gemaak van die feit dat daar 'n weerspreking tussen Moloi en Bojosi is wat die aard van die wapen aanbetref. Ek vestig egter die... (tussenbei)

HOF: Is dit, is dit een van mnr Strydom se argument?

ME DE JAGER: Ja. Ja u edele. U edele, die feit is inderdaad, soos ek die getuienis reg, my herinner, het Moloi op 10 Augustus reeds getuig dat hy nie seker is van watse wapen beskuldigde 53 gehad het nie... (tussenbei)

HOF: Hy het gesê hy is nie seker of dit die sogenaamde "pump-action" is en of dit 'n handwapen was nie.

ME DE JAGER: Hy, u edele, ek, ek, soos ek die, die, my nota nagelees het, wat, wat sy getuie-, eintlik my kollega se nota nagelees het, was sy getuienis, "ek is nie seker watter wapen hy gehad het nie. Hy besit óf 'n 'pump-action' óf 'n handwapen".

HOF: Nee, ek dink nie u notas is reg nie. Hy was nie seker

of/...

of dit 'n "pump-action" of 'n handwapen is nie.

ME DE JAGER: O? Soos die hof behaag. Op sy getuienis u edele op 23 Augustus, meld hy aan die hof dat hy nie, weer eens, dat hy nie seker is in elk geval van die wapen nie.

U edele, maar in elk geval is die staat se submissie dat die weerspreking hoegenaamd nie wesenlik van aard is in die omstandighede van die geheel van die saak nie. In elk geval op hierdie stadium nie in die guns van beskuldigde 53 kan tel nie. Die feit is, daar is getuienis hy was met 'n vuurwapen in Boipatong.

U edele, wat beskuldigde 68 betref, die getuienis van Moloi, op 10 Augustus en 23 Augustus, hy het hom gesien op pad na Boipatong met sy pistool. In die staat se submissie is dit duidelik dat beskuldigde 68 'n saak het om te antwoord op grond van daardie getuienis.

Wat beskuldigde 69 aanbetref u edele, hier is die situasie dat Moloi getuig het dat beskuldigde 69 volgens sy kennis by die Marafi Hostel was. Die interessante situasie hier is u edele dat die beskuldigde self nie beweer dat hy by die Marafi was.

Maar dan het die hof die direkte getuienis van mnr Bojosi wat aan hom inderwaarheid 'n leiersrol toedig. Hy is 'n persoon wat "Ntelezi" gesprinkel het, hy is een van die persone aan wie 'n AK 47 oorhandig is. Op die beginsels wat aan die hof voorgehou is, doen ek aan die hand dit is duidelik dat beskuldigde 69 nie op ontslag aanspraak kan maak nie.

Wat beskuldigde 72 aanbetref u edele, toon my kollegas se notas inderdaad iets meer as wat aan die hof gemeld is. U edele, nie alleen het hy die AK 47 van Damara ontvang nie, maar hy was beslis ook, op die getuienis van Bojosi, deel van die

groep/...

groep in Boipatong en hier kon ek die passasie in die tyd tot my beskikking nie opspoor nie, maar inderdaad blyk dit dat Bojosi gesê het, of my herinnering is dat Bojosi gesê het hy was deel van die groep wat teruggekeer het, toe hulle buite die woonbuurt gewag het en toe daar in die woonbuurt geskiet is. Maar op die minste, u edele, was hy met 'n AK 47, op Bojosi se getuienis, in Boipatong en is dit die staat se submissie dat hy 'n saak het om te antwoord.

U edele, daar is een verdere aspek wat ek aan die hof wil vermeld en dit is dat ek nie akkoord kan gaan met my geleerde vriend, advokaat Botha, se mening dat die hof op hierdie stadium openbare reaksie in ag behoort te neem nie. Ek doen aan die hand dat by die uitoefening van die hof se diskresie die buitestaander faktor nie 'n rol behoort te speel nie.

U edele, in die staat se submissie, opsommenderwys, tensy die hof my wil hoor oor pertinente beskuldigdes of pertinente punte, is dit die staat se submissie dat ontslag slegs ten opsigte van beskuldigde 44 en beskuldigde 45 oorweeg behoort te word.

<u>HOF</u>: Mnr Botha, enigiets in repliek?

<u>MNR BOTHA</u>: U edele 'n enkele aspek, net die kwessie oor die aanklagte wat nie bewys is nie, is my submissie dat die moontlikheid dat... (tussenbei)

<u>HOF</u>: Ek dink nie u hoef my verder daaroor toe te spreek nie.

<u>MNR BOTHA</u>: Soos die hof behaag.

<u>HOF</u>: Is daar enigiets verder wat u wou sê oor die getuienis teen die beskuldigdes wat u gesê het daar geen of onvoldoende getuienis is waarop 'n hof kan skuldig bevind.

<u>MNR BOTHA</u>: U edele, dit is steeds my submissie dat die enkele getuienis van die getuie Moloi nié getuienis is waarop 'n hof

redelikerwys/...

redelikerwys tot 'n skuldigbevinding sal kan kom nie. Die kritiek van die getuie... (tussenbei)

HOF: Wel die getuienis, die argument nou is, en ek sal u graag daarop wil hoor, want daar is miskien meriete daarin, dat die dame wat getuig het se getuienis is, wat is haar naam?

MNR BOTHA: Theresa.

HOF: Theresa. Sy sê al die inwoners het daar na die vergadering toe gegaan en toe is hulle weg vir 'n ruk en toe kom hulle weer terug. Nou een van die afleidings wat daarvan gemaak kan word - ek het in gedagte gehad ek hoef nie op hierdie stadium, dit is die enigste redelike afleiding nie, dit lyk vir my Cooper en Mpetha se sake is die sake wat dit sê, een van die afleidings wat ek daarvan kan maak is hierdie mans gaan almal na die vergadering toe, hulle is 'n ruk weg en dan kom hulle weer terug is, dit is wesenlike stawing vir hierdie twee medepligtiges wat sê hulle is daar na die stadsgebied toe, of die dorpsgebied toe.

MNR BOTHA: U edele, in die eerste plek stem ek nie saam dat dit die strekking van Theresa se getuienis inderdaad was nie... (tussenbei)

HOF: Wat sê u, wat is haar getuienis? Haar getuienis is tog duidelik dat die mans is almal uit, hulle is na die vergadering toe... (tussenbei)

MNR BOTHA: Nee sy...

HOF: ...het sy gaan kyk en toe is die stadion is leeg, sy is terug kamer toe en daarna het die mense teruggekom.

MNR BOTHA: Nee maar sy, sy sê - en, en as ek haar getuienis korrek verstaan, sê sy die mans wat in die kamer was saam met haar. Sy sê nie die totale bevolking van die hostel was al die mans in die stadion gewees en op 'n later stadium toe sy

soontoe/...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.